

20 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 113
Fokusgedeelte: Psalm 113

Alwetend, Almagtig én Barmhartig

Dit is verskriklik wanneer 'n boosaard te veel kennis en mag het. Dis verskriklik as so iemand alles van almal weet en aan jou kan doen net wat hy wil ... 'n Magsbehepte diktator. Dis om van te sidder.

Psalm 113 vertel ons hoe *anders* die Here ons God is: “⁴ Hoog bo al die nasies heers die Here, sy mag strek selfs oor die hemele. ^{5&6} Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God, *wat hoog woon én hier onder alles sien?*” Sy mag strek nie alleen oor die hemele nie en vanuit die hoogte sien Hy nie alleen alles raak nie. *Vanuit die hoogte ontferm Hy Hom ook oor ons.* Hy misbruik nie sy mag deur dié wat swaarkry, nog verder te onderdruk nie. Ja, sy Seun – wat dieselfde verhewenheid as die Vader het – was selfs bereid om mens te word en tussen ons arme sondaars te kom woon (Fil. 2:6 e.v.). Uiteindelik help Hy die geringe op uit die stof. Hy laat die arme opstaan van die ashoop af en laat hom saam met vernames aansit (vs 7 & 8). Dié wat arm van gees is, gee Hy plek aan die bruilofsmaal van die Lam (Matt. 5:3).

Waar 'n mens voor 'n magsbehepte diktator sidder, waar 'n mens vrees vir wat so 'n boosaard met die kennis tot sy beskikking wil doen, moet ons die Here dankbaar wees dat Hy sy almag en kennis tot ons beswil gebruik. Hy is werklik goed. Hy oorwin die bose – uiteindelik ook die bose binne ons.

Maak nie saak in watter nood ek en jy vandag verkeer nie, omdat die Here alles sien, wéét Hy daarvan. Omdat Hy almagtig is, kán Hy uitkoms gee. Omdat Hy barmhartig is, kan ons seker wees dat Hy op die regte tyd en manier ook sál.

Daarom kan en moet ek en jy en almal wat leef Hom vandag vrymoedig saam met die psalmdigter loof – waar ons ook al is: “¹ *Prys die Here!* Prys, dienaars van die Here, prys die Naam van die Here! ² Die Naam van die Here moet geloof word, *nou en vir altyd.* ³ *Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word!*” Halleluja. Amen.

Sing: Psalm 145:1, 8, 10-12 (1936); Psalm 145:1, 4, 6, 8, 9 (2003)

Dr. DF Muller (Buffeldoorns)